Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek

Borgward Club of South Africa, Southern Region

February/Februarie 2023

# Borgward Nuus / News

*Die Nuusbrief* 1

*Dit laat my dink* 2

*Om 'n Borgward te ry* 3

*Ons klub is 'n lid ryker* 4

*Ons laaste funksie vir 2022* 5

*Nog 'n Coupe* 6

*Basket form* 7

*Ons mag hulle nie vergeet nie* 8

*Ons skop af!* 9

*Te koop* 10

*Om oor na te dink* 11

**VOORWOORD**

Die jaar is alweer volstoom aan die gang en ek hoop dat dit 'n opwindende jaar sal wees vir almal met onvergeetlike positiewe Borgward ervarings. Ons jaarprogram, wat reeds versprei is, bied 'n verskeidenheid van aktiwiteite en sluit in gereëlde uitstappies om ons motors op die pad te vertoon. Die publiek se waardering as hulle ons motors sien, soos deur Kees beskryf in sy artikel 'Om met 'n Borgward te ry', maak elke rit die moeite werd en vul ons met trots.

Ek het ook onlangs so 'n ondervinding gehad toe die Early Ford Car Club my genooi het om 'n praatjie te lewer by hulle tegniese aand oor Borgward en meer spesifiek oor my bakkie. Dit was al na nege uur die aand toe ek die pad van die klubhuis af vat huis toe. Selfs in die donker het mense die bakkie gesien, toeter geblaas en gewaai. By een verkeerslig het 'n kleurlingman langs my stilgehou en deur sy oop venster geskree ' One Million' maar toe ek met my duim en wysvinger vir hom die kontant teken gooi, het hy net gelag en aangery. Na sulke insidente voel 'n mens amper dat ons die publiek indoen as ons nie ons motors vertoon nie. En dit gaan glad nie oor die toestand of voorkoms van die motor nie, maar wel omdat dit 'n Borgward is. Seldsaam en begeerlik.

Ons wil graag meer persoonlik kontak maak met ons afgeleë lede en ek wil vra dat indien enige een in ons rigting kom deur die loop van die jaar, kontak ons asseblief en kom drink koffie, of as dit selfs moontlik is, reël u besoek om saam te val met van ons byeenkomstes. Dit sal die kersie op die koek wees en sal regtig waardeer word.

Afgesien van ons normale aktiwiteite soos in ons jaarprogram aangedui, is dit ook die jaar waarin ons moet voorberei vir 2024 se Nasionale saamtrek. Voorstelle oor 'n geskikte byeenkoms plek en aktiwiteite om die byeenkoms interresant te maak vir almal word ingewag. Stuur gerus u idees na enige van ons redaksie of bestuurslede.

Louis

**Dit laat my dink ……..**

Hierdie berig het eintlik niks met Borgward te doen nie, en tog, ja miskien tog ook wel. Lees asb. verder en besluit self. Die eerste 7 jaar van my werkende lewe, vanaf 1966, was by 'n ouditeursfirma in Johannesburg. Ek het dit geniet om elke 2 tot 3 weke by 'n ander kliënt te werk – Toyota S.A. (toe nog onder Dr. Albert Wessels met Brand Pretorius as hoof van die eise afdeling – 'n wonderlike man.) Ander kliënte was Unievleis, prokureursfirmas, Avbob, Academy Brushware, 4 Karoo Boere by Colesberg en Hanover, en nog vele ander. Ons het onder alle omstandighede gewerk – soms in kantore, ander kere tussen vleisprodukte in 'n slaghuis se winkelvenster, en selfs tussen doodskiste

Nog 'n kliënt was Pro-media wat die publiseerder was van tydskrifte soos Stywe Lyne asook SASSAR. Ons beland toe in die kantoor saam met 'n Mnr. Le Grange wat die nuusredateur was van die SASSAR tydskrif. (Nog steeds geen Borgward in sig nie!) Sy foon het maklik honderd maal 'n dag gelui, en dan antwoord hy altyd, met dieselfde stembuiginge: "Sassar, Le "Gransie" wat praat." Meeste oproepe was oor een of ander nuusberig. Ons het later min of meer geweet wat gaan in die volgende SASSAR tydskrif verskyn! Een so 'n oproep was van iemand op 'n klein stasie in die Karoo. Hulle het die vorige dag 'n rekord aantal skaap gelaai en wou weet of hulle maar 'n beriggie kan stuur. Ek vergeet nooit Mnr. Le Grange se antwoord: "Ja neef, stuur asb., dis nuuswaardig! (Sien jy die Borgward kom?)

Die opskrif van hierdie berig is: Dit laat my dink ….. Hierdie episode wat ongeveer 53 jaar gelede in Mnr. Le Grange se kantoor afgespeel het, laat my dink. Sê nou maar net my foon lui hierdie jaar so gereeld van lede van die klub wat beriggies wil stuur, dat ek die foon begin antwoord as: "Borgward Nuus, Kees Beekman wat praat" sal dit nie wonderlik wees nie? Wensdenkery? Dit hoef nie te wees nie! Ons moet net ons karre beleef. En hoe beleef ons ons karre? Ry met hom – dis 'n belewenis!! Die berig net hierna sal dit bewys. Stel dit op die proef – jy sal verbaas wees!

**Kees Beekman**

**Om met 'n Borgward te ry**

Ons het hierdie vakansie weer by vernuwing ervaar dat, om met 'n Borgward te ry, bly 'n voorreg, 'n bron van vreugde en 'n besondere ervaring. Die 3 keer dat ons met hom gery het, het ons die volgende meegemaak:

1. Toe ons by die Deli naby my huis stop, kom 'n man wat petrol koop by die garage, na ons toe en vra of hy 'n foto van sy droom motor mag neem.
2. Toe ons by Melkbosstrand langs die see parkeer om 'n roomys te eet, kom 'n vrou vanaf 'n huis oorkant die straat om na die kar te kyk – sy het nog nooit so 'n kar gesien nie! Sy wou meer weet van die kar, en natuurlik 'n foto neem.
3. Toe ons by Ons Huisie in Bloubergstrand sit vir 'n roomys en koffie, kom daar skielik 'n jonge dame by ons tafeltjie aan. Sy het by ander mense wat daar sit, gehoor aan wie die rooi kar behoort. Sy vertel toe opgewonde dat sy onlangs op 'n veiling 'n Borgward Isabella gekoop het – sy moet die ratte aan die stuurkolom nog gewoond raak. Haar broer ry 'n Borgward stasiewa.
4. Ons het een Sondagmiddag op Stellenbosch gaan eet. Na ete het ek die kar gaan haal sodat Evert nie so ver hoef te loop nie. Ek stop toe gou "onwettig" op die hoek van die straat en wag dat Evert kan inklim, en ek sy "walker" kan inlaai. Hier kom 'n vrou van oorkant die straat aangehardloop – toe is dit ons haarkapster! Sy en haar man het oorkant die straat sit en eet toe ek daar verbyry. Sy sê toe vir haar man: "Kyk daai mooi kar!" Toe sy nog so kyk terwyl ek ry, herken sy my en skreeu sy vir haar man: "Ek ken daai man!" Dis toe dat sy opvlieg en na ons toe hardloop.

Nou ja, as dit nie genoeg rede is om met 'n Borgward te ry nie! Dan het ek nog nie genoem van al die welwillendheidsgebare terwyl ons ry nie! As ons met 'n gewone kar sou gery het, sou daar niks opwindends gebeur het nie – dit sou gewone ritte gewees het. Om met 'n Borgward te ry, is nie maar net nog 'n rit nie, dis 'n belewenis!

N.S. Vertel ons gerus van jou belewenisse met jou Borgward.

Kees Beekman

**Ons klub is 'n lid ryker!**

Ons is bevoorreg om 'n nuwe lid in ons klub te verwelkom. Hy is Frans Kirstein, al die pad van Jeffries Baai in die Oos-Kaap. Frans het ongeveer 3 maande gelede die trotse eienaar geword van 'n Lloyd wat hy gekoop het by Pedro Diedericks. Die Lloyd is nou deel van sy versameling van 'n Fiat 124 Sport Coupè, 'n Fiat Topolino, en 'n CJ Cruiser Motorfiets met 'n syspan. Ons hoop die Lloyd sal hom baie plesier verskaf, en dat ons vir Frans en sy Lloyd by ons eersvolgende saamtrek sal ontmoet. Dalk durf hy die pad Kaap toe aan om hier te kom spog! Nogmaals welkom Frans, en geniet solank die nuusbriewe.

Kees

**Ons laaste funksie van die jaar 2022**

Ons Kersete  was op 4 Desember by die klubhuis , maar dit was baie jammer dat daar so min lede was.  Blykbaar was baie al op pad om vakansie te gaan hou ¬  julle het die jaar die heerlikste verskillende geregte om van te kies en te keur gemis, dit was uitstekend!. Ons het dit baie geniet,  lekker gesels , baie gelag en te veel geëet.  Baie dankie aan almal wat die geregte voorberei het ¬ ons  het dit met liefde waardeer.

Ons wil graag vir Louis en Rina baie dankie sê vir al die moeite en harde werk wat hulle  vir die jaar met liefde behartig het.  Dit word opreg waardeer!  Hoewel daar min lede was, het ons die jaar op ‘n mooi manier afgesluit!

Groete Mary









Nog ‘n Coupe!

Iewers gedurende my soeke na bak onderdele om my Coupe te laat herstel, vertel Robbie my van ‘n Coupe wat te koop is. Die eienaar wat ver van die Kaap af woon sukkel al jare om oor die groot afstand iemand te kry om die motor vir hom te restoureer. Hy is reeds deur verskeie hande en is geheel uitmekaar gehaal maar die eienaar verseker my dat die kar volledig is. Met my eerste indruk besef ek egter dat alles nie daar is nie en ek stel toe ‘n volledige lys van onderdele op en ons gaan pak al die kratte en bokse uit en tiek af. Daar was baie weg en ek begin toe soek by drie vorige plekke waar die motor gaan draai het en vind heelwat items, maar met al die geskuif van bakboord na stuurboord het heelwat onderdele verdwyn. Sensitiewe dele is mishandel en baie skade is aangerig. Ek bevestig ook dat die kar nie papiere het nie en ook nie meer op die stelsel gelys is nie. Om hom eventueel te registreer is dus ‘n berg op sy eie om oor te kom.

Die bak en panele is binne en buite skoon gemaak tot op die been en met onderlaag gespuitverf. Dit is waar die laaste persoon gestop het en na maande se buite staan onder ‘n seil gedurende die Kaapse winter het oppervlak roes weer hulle verskyning gemaak. Al die panele het duikklop aandag nodig. Een geluk is dat die buffers, die lampringe, die flikkerligte en die agterligte reeds gechroom is.

Volgens sy onderstel nommer is dit ‘n 1958 maar hy is omskep in ‘n laat model iewers in sy verlede, gegewe sy vooraansig.


Nadat ek seker gemaak het dat my vrou my nie sal skei nie, kon ek die versoeking nie meer weerstaan nie en het ek toe maar die kar gekoop.

Intussen vorder Pierre noemenswaardig met die herstel van my Coupe. Hy toor letterlik met sy hande, soos net hy kan, om die beskadigde panele reg te timmer. Binnekort sal hy weer ‘n pronkstuk wees en hopelik binne ‘n jaar of twee dan het ek ‘Nog ‘n Coupe’.

Louis

***Wonderlik om te weet Louis se kar is in bekwame hande, en dat die ongeluk, wat ons nog steeds betreur, nòg ‘n Coupe laat herleef! (Red.)***





**Basket form"**

My hande jeuk mos as ek motorwrakke sien. Eendag kry ek 'n foonoproep en ek word gevra of ek 'n Pullman Borgward wil koop. Dit was nie nodig om te sê wat ek gesê het nie, en die prys was nogal R17 000. Ek haas my toe Nelspruit toe om te gaan kyk na die seldsame motor, maar daar aangekom word aan my vertel dat die motor aan die klublede behoort het en die eienaar is al 20 jaar gelede oorlede toe hy besig was om die kar te restoureer. Dit was 'n "uitmekaar" motor waarvan die onderdele die hele plaas vol lê, selfs onder 'n ashoop van die plaas, en dit alles vir R17 000. Ek sê toe nee dankie. Soos die maande aangaan word ek weer gebel en ek word meegedeel dat die plaas nie meer aan die eienaar behoort nie, en as ek die kar nou nog wil hê kan ek dit nou gratis kry! Ek kry toe 'n tuisgemaakte sleepwa en vat toe die pad Nelspuit toe oor 'n langnaweek. Ek was vol entoesiasme om die onderdele bymekaar te maak. Die enjin kon jy darem sien was nie heeltemaal onder die ashoop nie. 'n Pik en graaf het toe meeste van die onderdele te voorskyn gebring. Om alles reg te kry en op 'n sleepwa te laai man alleen moes ook maar gedoen word! Dit was nie net een dag se werk nie, maar na so 30 uur alleen vat ek toe die pad na Alberton toe, ± 400 km. Baie versigtig in 1 ste rat om alles eers waar te neem, maar na so 10 km kon ek nie uit 1 ste rat na 'n ander rat verwissel nie, en die sleepwa het gekreun onder die groot gewig. Toe draai ek maar om, terug Nelspruit toe.

Gelukkig bly my suster ook in Nelspruit waar ek toe alles kon aflaai en terug ry Alberton toe met die leë sleepwa. Die oplossing was 'n vragmotor. Ek ken toe iemand met 'n vragmotor en hy sê ek kan hom maar leen. Ek is later toe Nelspruit toe om weer die voertuig te gaan haal. Ek moes alles op die "lorrie" laai in 'n gewone woonbuurt, maar met blokke, 44 gallon dromme, planke en nog ander toerusting soos 'n "block en tackle". Ek het darem alles bo-op die "lorrie" gekry en toe kon ek die lang pad aandurf. Maar ….. alles was nog nie gesê nie! Net wanneer ek in die hoogste rat kom het die "lorrie" gekook, sodoende het die rit ook 24 uur geduur! Uiteindelik kon ek met my restourasie- werk begin. Dit het my 13 jaar geneem om die Pullman saam met ander Borgwards wat ek ook reggemaak het tot 'n Pullman te bring. Dit was nogal 'n. T.S en geen P100 onderdele was pasbaar op die 2.4 enjin nie. Die bottom line is: Moet nooit 'n motor in "Basket form" koop nie.

N.S. Die enjin wat al die jare op die ashoop gelê het, het al die eienskappe van die natuur se vergange jare gehad, maar na so 14 dae in die elektriese suurpot kon al sy "ledemate" weer gebruik word. ("Soos hulle in Engels sê: Ons Borgward mense vat "punishment" vir plesier").

**Thys Botha**

**Ons mag hulle nie vergeet nie!!**

Met die lewe wat nà Covid weer min of meer na die ou normaal teruggekeer het, is dit opvallend dat ons sommige van ons meer senior lede en hul gades nie meer by ons vergaderings en sosiale byeenkomste en uitstappies sien nie. Die jare het aangestap en omstandighede maak dit vir hulle moeilik om nog aan alles deel te neem. Vir baie jare was hulle geliefde, geëerde en meelewende lede, en daarom mis ons hulle baie en verlang ons na hulle. Ek het dit goedgedink om van hulle te bel en gevra of hulle nie vir ons 'n brief wil skryf om te sê hoe dit met hulle gaan nie. Hier is 'n paar van hulle se briewe.

30 Januarie 2023

Liewe Vriende,

Ja, toe trek ons weer terug Ceres toe. Ons het nie gedink dit sal ooit weer gebeur dat ons gaan trek nie, maar so is die lewe, mens wik, maar God beskik.

Nadat ons van die plaas af getrek het in 2015 omdat Basie bang was hy sou gedurigdeur inmeng met die boerdery, het ons die ideale huis in die Strand betrek.

Soos ons ouer geword het, het ons besef dat dit vir ons beter sou wees in 'n aftreeoord. So is dit toe beskik dat ons ´n huis aangebied is deur die kinders van jarelange vriende wat oorlede is. Dit het dus min oortuiging gekos om ons wortels op te trek in die Strand en nader aan die kinders en kleinkinders te kom bly.

Ons is baie gelukkig en dankbaar vir die geleentheid om weer tussen ou vriende te wees. Ons besef weereens dat die verloop van mens se lewe bepaal word deur ´n Hoër Hand.

Alhoewel ons jul nie meer dikwels sien nie, dink ons baie aan julle en wens ons die Klub en sy Lede alles van die beste toe.

Groete

Basie & Mariëtta Geldenhuys

*'n Boodskap aan die Borgward klub van Laurie en Helmine Claassen,*

Gedurende 1963 het ek my loopbaan in die onderwys laat vaar en betrokke geraak in 'n motor saak in die Strand. Die handel in tweedehandse motors het my baie gou laat kennis maak met die Borgward fabrikaat, en my belangstelling in die versameling van ou motors het begin.

In 1997 het ek 'n '58 Borgward Isabella gekoop en dit begin restoureer. Die projek het 'n paar jaar geduur om te voltooi en gedurende die proses het ek vir Graham Davies en Pierre de Jongh ontmoet by wie ek baie kennis kon inwin. Op hulle versoek het ek dan ook by die Borgward klub aangesluit.

Oor die volgende jare het ons baie uitstappies en funksies saam met klublede gedeel en geniet en 'n groot vriendekring oor die hele land opgebou.

Die hoogtepunte wat my altyd sal bybly is die tweejaarlikse byeenkomste wat deur baie lede van oor die hele land bygewoon is. Ook die Borgward motor klub wat plaaslik ten minste een keer per jaar 'n uitstalling en beoordeling gereël het. Dit was baie leersaam en het jou vermoë om te verbeter baie gestimuleer.

Ek weet dat daar heelwat Borgwards in die land is wat pragtig en profesioneel gerestoureer is. Daar kom egter in elke persoon se lewe 'n tyd om besluite te neem en myne was om my versameling minder te maak juis omdat die kragte minder word om alles instand te hou en dit te veeleisend raak.

Ek het dus ongeveer twee jaar gelede my lidmaatskap opgeskort en beoefen dit nou op klein skaal as tydverdryf.

Ons sê baie dankie vir die herinneringe en aangename tye wat ons met die klub kon deel – ons sal dit altyd as 'n kleinood vertroetel.

Aan almal ons beste wense en geniet die voortbestaan van die Borgward klub.

Laurie en Helmine Claassen

**<u>Ouderdomswyshede:</u>**

1. Leer soveel jy kan van ouer mense. Hulle ken reeds die pad wat jy nog moet loop.
2. Dit maak nie saak hoe lank jy lewe nie, maar hòè. Dit maak nie saak hoe oud jy is nie, maar hòè jy oud is.
3. 'n Mens weet jy word oud as die kersies meer kos as die koek!
4. Een van die bonusse van die ouderdom is dat dit ons meer tyd gee om ons te verwonder aan die genade en liefde van God in ons lewe.
5. My geheue word al swakker, maar ek onthou twee dinge: Dat ek 'n groot sondaar is, en God 'n groot Verlosser.

**Kees**

**Ons skop af!**



Nou die dag was dit nog ons jaareinde funksie van die jaar met ons Kersete, (sien berig elders in die nuusbrief) en 2 maande later, op Sondag 5 Februarie, skop ons al weer af vir die nuwe jaar. Na die Saterdag se baie warm dag, was daar die Sondag 'n welkome lafenis en het ons lekker gebraai en gekuier by die klubhuis. Ons was 'n gesellige klompie bymekaar, en was vereer deur 'n egpaar van Nederland, Freek en Ria Blaauw, wat vir 3 weke gaste was van Johan de Villiers. Dit was "zeer aangenaam" om hulle beter te leer ken, en teen die tyd dat hulle die nuusbrief kry, vertrou ons dat hulle weer veilig tuis is. 'n Klompie van ons lede kon dit nie maak nie, en ons hoop om hulle binnekort by ons vergaderings en uitstappies te sien. Volgens die opskrif skop ons af. Wat het ons afgeskop? 'n Jaar vol aktiwiteite, en ons doen 'n vriendelike beroep op al ons lede om sover moontlik aan al die aktiwiteite deel te neem.

**Kees Beekman**





**TE KOOP**

Ek het die volgende whatsapp boodskap ontvang van Marius Olivier en ek haal aan:

"Ek het 'n 1960 Borgward Isabella TS , wat ek begin restoureer het. Dis nog nie klaar nie. Ek is tans in Portugal en kan dit nie klaarmaak nie. Dalk is daar 'n lid wat belangstel om dit te voltooi en my 'n aanbod te maak? Dit was eers Falko Nowack se motor"

Falko het bevestig dat dit sy eerste Borgward was!

In opvolg boodskappe het hy die volgende inligting deurgegee: "Die kar staan by Ohna Strumpher in die Srand. Sy het kwoteer om dit klaar te maak, maar het al die geld opgebruik en nie alles gedoen nie (R28000 betaal). Haar adres is 4 Hammond straat, Strand. Ek sal met haar reël as iemand wil gaan kyk. Die chroom parte is by Domline, 2 Edgar straat, Somerset Wes (uitstaande R5000 vir bumpers, hubcaps, wheel trims, kopligte). Die sitplekke en deurpanele is by George Mabimba, 28 Hammond straat, Strand (amper klaar uitstaande R2800 – res is betaal) . Die remstelsel is oorgedoen en by S&R Auto Strand met uitstaande bedrag van R4000 (res is betaal). Ek het sover R53000 spandeer. Al die roes is uitgesny en reggemaak, kar is oorgespuit in oorspronklike kleur (Elfenbein)".

Marius kan gekontak word op whatsapp by 00-351-925408992.

Hy het belowe om fotos te stuur en sodra ek dit ontvang dan sal ek dit deel op die groep.

Louis

<u>**Om oor na te dink**</u>



1. Om meer te beweeg begin nie met meer sport nie, maar met minder sit.
2. Om tevrede te wees sorg vir die grootste geluk.
3. Baie mense soek liewer na die skuldige as na die oplossing.
4. As plan A nie werk nie, ontspan! Die alfabet het nog 25 letters.
5. Selfone bring jou nader aan persone wat ver is, maar verder van persone wat naby is.
6. Ek het nie 'n horlosie nie, maar ek het tyd.
7. Om te vergewe is 'n persent aan jouself.
8. Jy hoef nie goed te wees om te begin nie, maar jy moet wel begin om goed te wees.
9. Moenie oor ander oordeel as jy nie hul las gedra het nie.
10. Jy mag ook bly wees met iets wat jy nie het nie.

**Kees Beekman**

## <u>Nuusbrief Redaksie:</u>


**Kees Beekman (082 579 0527) – beekman@cosmoprop.co.za**

**John McEwan (082 882 0599) – jnmcewan@gmail.com**

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486) –Lvjaarsveld@mweb.co.za**